# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 30 Oktober 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**prof Naas Ferreira**
(ds Piet kamp saam met die gesinne met jong kinders)

**Tema: Net God gee vir ewig waarde aan 'n mens se lewe.**

Ons lewe in ŉ tyd waarin mense ernstig opsoek is na dit wat vir hulle lewe regtig betekenis, waarde en 'n unieke identiteit kan gee. Die vraag is: *Wie is ek en waar kan ek blywende sin en betekenis vir en in my lewe kry? Ek wil nie ŉ NIEMAND wees nie – ek wil graag IEMAND wees.*
Hierdie is 'n baie ernstige lewensvraag waaroor alle mense op aarde dringend moet besin – en belangrik - voordat hulle sterwe. In Jesus Christus se gesprek met die Fariseërs gebruik Hy die gelykenis van die ryk man en Lasarus om 'n belangrike Bybelse perspektief op hierdie vraagstuk te werp.

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 159: 1, 2 en 3; Votum; Seën; Loflied: Ps. 18-1: 1 en 14; Geloofsbelydenis

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet; Sing as antwoord op die wet: Ps. 119-2: 1 en 2; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Lukas 16: 19-31
Woordverkondiging, Gebed

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Slotsang: Ps. 68: 1 en 2; Liefdegawes by die deure; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

**18:00 GESAMENTLIKE HERVORMINGSDIENS BY GK POTCH DIE BULT**

Ons hou jaarliks op Hervormingsondag 'n gesamentlike erediens om hierdie wonderbaarlike ingrype van God in sy kerk se geskiedenis te gedenk. Die diens word vanaand deur ds Jannes van Dyk gelei in die kerkgebou van GK Die Bult onder toesig van GK Cachet.

## MEELEWING

- Meisie van Wyk ervaar geweldig baie pyn vanwee ‘n bloedmassa in haar been en sal waarskynlik geopereer moet word om dit te verwyder.
- Rina Seyffert se beroerte het skade aan haar oog gedoen en sy het baie sig verloor. Sy was hierdie week weer vir behandeling in die hospitaal.
- Naetta van Zyl was in die hospitaal opgeneem vir toetse.
- Marie Oosthuizen is byna klaar met haar 12 chemoterapieë en ervaar intense moegheid.
- Corrie du Plessis is klaar met sy eerste reeks chemoterapie wat gunstige resultate opgelewer het en ons is baie dankbaar saam met hulle daarvoor.
- Erika Rood is steeds besig met haar kankerbehandeling en dit gaan goed met haar.
- Mariana du Plessis ervaar geweldig baie swak gesondheid met ‘n baie slegte longtoestand wat veroorsaak dat sy daagliks suurstof moet ontvang. Daarby het sy knie- en rugprobleme wat nie met operasies herstel kan word nie vanweë die swak longtoestand.
- Hennie Killian is in die hospitaal opgeneem vir behandeling.
- Andries du Plessis het Vrydag ‘n operasie aan sy kakebeen ondergaan om dooie weefsel as gevolg van infeksie te verwyder.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen en Mariana du Plessis.

## BAIE GELUK…

aan Esri Scholtz, met haar 2 goue- en 3 silwer-medaljes, op die SA Kampioenskappe vir uitvoerende kunste: Dans.

## ONS GROET

Neels en Hannetjie Coetzer wat met attestaat na GK George vertrek. Baie dankie vir baie jare se dienswerk en deelwees van ons gemeente en ons bid julle alles wat mooi is toe. (Sien hulle groetwoorde hieronder)

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie, sap en kuier
Katkisasie Les 19
16:00 Kooroefening
18:00 Gesamentlike Hervormingsdiens

**Maandag**
18:00 Kersmark vergadering
18:30 Kategete vergadering

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie - afgesluit
19:00 Gr 11 Belydenisklasouers
Zoomvergader met ds Piet

**Woensdag**
10:00 Seniorlidmate afsluiting
Geen Katkisasie - afgesluit

**Donderdag**
17:00 “Griefshare"
18:30 Ouderlinge vergadering

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir die Emeritusfonds (klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Thusofonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 1 en 36.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 30 Oktober**
Jsr Elizka de Bruyn
Sr Cecile de Waal

**Maandag, 31 Oktober**
Br Gerhard Turkstra (jnr)

**Woensdag, 2 November**
Br Corné Crause
Br Carl Quass *****

**Donderdag, 3 November**
Jbr JC Badenhorst
Br Frans du Preez
Jsr Zalia Niemand

**Vrydag, 4 November**
Jbr Carlo Kloppers
Br Krause vd Walt
Sr Naetta v Zyl

**Saterdag, 5 November**
Sr Rolene vd Walt

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## "ONTSNAP UIT DIE 'RAT RACE'"

Dr Pieter Joubert bied vir ons hulp aan oor hierdie geweldig belangrike saak wat besig is om baie mense se lewens in te sluk! Jy sal regtig baie baat vind om saam met Pieter op hierdie ontdekkingsreis te gaan.

***JAAG JY NA SUKSES?***
***Reputasie, prestasie, besittings***
***OF***
***STREWE JY NA BETEKENISVOLHEID?***
***Diens en liefde***

Kry van die vorms in die voorportaal, wat jy kan invul om deel te neem aan hierdie selfsorgprojek. Vul dit in en hou dit by jou. Niemand anders gaan jou vorm onder oë kry nie!
Op **Sondagaand 13 November,** kom almal wat aan die projek deelgeneem het, in die Skuur bymekaar. Pieter sal dan die betekenis van die uitkomste van jou persoonlike vraelys verduidelik en riglyne gee oor hoe mens jou lewe kan verander om 'n meer betekenisvolle uitkoms te bereik.

## TOTSIENS

Geliefde Oos-Doppers,

Alles in die wêreld het sy tyd soos wat ons in Prediker lees. So het ons tyd ook aangebreek om te pak en te trek nadat ons vir 'n baie lang tyd in Potchefstroom woonagtig was en in verskillende gemeentes betrokke was. Ons het lief geword vir Potchefstroom en sy mense, maar veral vir die gemeente van Potchefstroom-Oos waar ons in die laaste paar jare soveel liefde en bediening ontvang het.

Ons vertrek eersdaags vanuit Potchefstroom en sal met die genade en voorsienigheid van ons Hemelse Vader ons gaan vestig aan die voet van die Outeniquaberge in die pragtige en beeldskone George. Ons nuwe

woonadres is Simonsbergweg 99, Mont Fleur Mountain Estate, Blanco, George. Al ons ander kontakbesonderhede bly onveranderd.

Vergun ons om u te groet met die woorde van Paulus uit die eerste brief aan die Korintiërs: "Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk! Laat alles by julle in liefde geskied… Die genade van die Here Jesus sal by julle wees!"

Met broederlike liefde in Christus Jesus,
Totsiens - Neels en Hannetjie Coetzer

## KERSBEDERF

Ons gemeente se Susters gee jaarliks vir ongeveer 25 gesinne in ons gemeente 'n "Bederf-emmer" / "Bederf-boks" voor Kersfees om 'n lekker Kersete mee voor te berei.

Ons het tans nog net 'n lidmaat/gesin/kleingroep nodig om EEN boks/emmer te pak. So 'n boks bevat die volgende nie-bederfbare items:

- Pasta
- Mayonaise
- Ingemaakte slaaie
- Jellie en Vla
- Aanmaak-koeldrank
- Koekies of ander lekkernye
- Kitspoeding / kitskoek

Ander items wat 'n Kersfees-ete vir 'n gesin spesiaal sal maak is ook natuurlik welkom - hierdie is maar net 'n riglyn.

Kontak gerus vir Hestie J v Rensburg (072 383 9510) as jy nog hierby wil betrokke raak.

## KERSMARK 2022
## OOR 3 WEKE SKOP ONS KERSMARK AF!

Liewe gemeente
Om 'n sukses van hierdie groot projek te maak, het ons u gebede en u hulp baie nodig! Daar is hulplyste in die voorportaal – skryf asb jou naam op.
Hulp word benodig:

- Opsit en afhaal van plakkate
- Kombuis/Restaurant
- Kassiere
- Toesighouers

Skenkings / leen-items word benodig:

- Waaiers
- Tuintafels
- Borge

Kontak gerus vir Rieëtte of Adele indien jy enige navrae het of iewers wil betrokke raak.

## GKSA-NUUS

**Beroep aanvaar**
Proponent AP (Peet) van der Westhuizen na GK Wolmaransstad

**Kennisgewing aan die kerkverband insake ds DJ Malan GK Uitschot**
In oorleg met advies wat die Gereformeerde Kerk Uitschot gevra het van Klassis Vryburg op sy vergadering van 13 September 2022, het die Klassis kennis geneem dat Ds. DJ Malan op Sondag 23 Oktober 2022 gemeenskap opgesê het met die GKSA. Derhalwe het sy amp verval kragtens artikel 12 van die kerkorde. Ons bid broer Danie Malan seën toe in die toekoms waar hy die Woord gaan bedien by die Gereformeerde Gemeente Diamantvallei.

**2023 ALMANAK BESTELLINGS**
Hierdie veeldoelige kerklike publikasie bied jou verrykende Bybelse Dagstukkies vir die hele jaar wat deur Gereformeerde predikante

geskryf is. Aan die ander kant bied dit vir jou al die inligting oor elke predikant en gemeente in die GKSA. Dit bevat ook lekker Bybelse blokraaisels om te voltooi.

Skryf gerus u naam op die lys in die voorportaal van die Skuur om 2023 se Almanak te bestel. Dit kos maar slegs R116.00 per eksemplaar.

**KERKLIKE TYDSKRIFTE**

Die tydskrifte is in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## ALGEMENE INLIGTING

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:


Naomi Pretorius en groep 3, Erika Rood en groep 11, Marna Naudé en groep 19, asook Anelle Venter en groep 29

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**



## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## BAIE DANKIE


- Baie dankie aan Elsie Ferreira en die susters van Blok D vir 'n gesellige afsluiting vir die jaar! Ons almal het die aand baie geniet!
- Dankie aan die Susters Potch-Oos vir die handige geskenk en biltong met my 80ste verjaardag!! Ek waardeer dit regtig opreg!! Groete, Pieter de Villiers!
- Baie dankie vir 'n heerlike bederf met my verjaarsdag! Groete, Hans Malan
- Net om dankie te sê vir die heerlike verjaarsdagkoek wat ek ontvang het. Dit het my verjaarsdag sommer baie aangenaam en gesellig gemaak! Dankie vir julle vriendelikheid en omgee. Seën toegewens in al die goeie werk wat julle doen. Groete, Fanie van Zyl

## KWARTAALPROGRAM

| VIERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **2 Nov** | **Woensdag** | **10:00** | Bestuur /groepsusters | **Seniorlidmate: Afsluiting** |
| 13 Nov | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| **20 Nov** | **Sondag** | **18:00** | **Bestuur en groepsusters** | **Kerssangdiens** |
| 24 Nov - 3 Des | Don - Sat | 07:00 tot 20:00 | Almal | Mooirivier Kersmark |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!








# Die Skepping

Lees Genesis 1:1-31 asook Genesis 2:1-4




Teken in elke blokkie wat die Here op daardie spesifieke dag geskape het:

| | | |
|---|---|---|
| DAG 1 | DAG 2 | DAG 3 |
| DAG 4 | DAG 5 | DAG 6 |
| DAG 7 | | |

Nadat God alles geskape het, het Hy gesien dit is

...GOED!!



**Onthou!**
Die Here se skepping was volmaak, dit was goed, dit sluit die mens in! Die Here het jou gemaak.